FEBA SUID-AFRIKA

FEBA Radio SA se Gebedsendelinge

Saam in Gebed

November 2026

Maandag 2 November: FEBC se bediening word versterk deur effektiewe samewerking met plaaslike gemeentes in elke land. Dit is des te belangriker in plekke soos Japan, waar gelowiges dikwels 'n gebrek aan ondersteuning in hul onmiddellike omgewing ervaar. Bid vir sterk werksverhoudinge tussen FEBC Japan en plaaslike kerke wat tot oorvloedige en blywende vrug sal lei.

Dinsdag 3 November: Prys die Here vir die nuwe lewe wat Hy vir Sy kinders deur die Heilige Gees gee. 'n Luisteraar in Japan sê: **"Toe ek die woorde 'Jesus het vir ons gesterf' hoor, het iets wonderlik in my hart gebeur. Ek het besef 'Jesus het vir my gesterf'. Ek leef op hierdie oomblik omdat Jesus my lewe gegee het!"**

Woensdag 4 November: *"Want dit is die wil van my Vader: Dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo die ewige lewe sal hê, en Ek sal elkeen van hulle op die laaste dag laat opstaan"* (Johannes 6:40 Afr20). Bid dat FEBC Japan se programme luisteraars na die ewige lewe in Christus sal lei.

Donderdag 5 November: Die FEBC Japan-span beleef tans 'n seisoen van verandering. Bid dat die Here die regte mense sal stuur om as leiers en omroepers te dien. Bid dat die bestaande span op die Here sal wag en vertrou, en dat Hy aan hulle die nodige wysheid en krag sal skenk om onbereiktes met die evangelie te bereik.

Vrydag 6 November: FEBC China ervaar voortdurende uitdagings in hul aanlynbediening, maar die span hou aan werk en vertrou in God se voorsiening. Hulle het aanlyn ruimtes begin skep waar gelowiges veilig kan kommunikeer. Bid dat God se naam verheerlik sal word in elke uitdaging en dat Hy die aanlynbyeenkomste met Sy teenwoordigheid sal seën.

Saterdag & Sondag 7-8 November: Dit is tyd vir FEBA Radio SA se Kersfees Radioprojek! Elke jaar samel ons fondse in spesifiek vir radio's en oudio-Bybels om na 'n spesifieke streek gestuur te word. Verlede jaar se projek het 'n besending vir Soedan befonds en vanjaar se projek sal dieselfde vir Mali, Niger en Tsjad doen. Hierdie lande het 'n gemiddelde volwasse geletterdheidskoers van minder as 35% sowel as baie beperkte internettoegang. Daarom is radio die perfekte medium waardeur mense God se Woord kan hoor en bestudeer. Bid dat die Here sal voorsien wat FEBA benodig om luisteraars in Mali, Niger en Tsjad met die evangelie te bereik.

Maandag 9 November: Prys God vir Sy werk in Mosambiek! In die laaste week van September het FEBA Mosambiek met luisteraars en vrywilligers byeengekom om vir FEBA se personeel, leiers en ondersteuners te bid. Agt Moslemvroue het daar tot bekering gekom. Bid vir voortdurende seën op FEBA Mosambiek se werk en vra dat ons personeel en luisteraars getrou aan God se Woord sal bly.
Dinsdag 10 November: "Ek is altyd beïndruk deur die detail en kwaliteit van die preke op KanuYah FM. Natuurlik is ek meer beïndruk deur die grootste wonderwerk, die opstanding, wanneer ek die verhaal hoor. Wanneer ek uithuisig is, neem ek my draagbare radio saam sodat ek nie KanuYah FM se programme misloop nie." Loof die Here vir Sy kragtige werk deur FEBA Mali!

Dinsdag 10 November: "Ek is altyd beïndruk deur die detail en kwaliteit van die preke op KanuYah FM. Natuurlik is ek meer beïndruk deur die grootste wonderwerk, die opstanding, wanneer ek die verhaal hoor. Wanneer ek uithuisig is, neem ek my draagbare radio saam sodat ek nie KanuYah FM se programme misloop nie." Loof die Here vir Sy kragtige werk deur FEBA Mali!

Woensdag 11 November: *"In Hom het ons die bevryding deur sy bloed, die vergewing van ons oortredings uit die rykdom van sy genade"* (Efesiërs 1:7 Afr20). Bid dat luisteraars in die Sahel se ore en harte oopgemaak sal word vir die Goeie Nuus waar FEBA dit uitsaai.

Donderdag 12 November: FEBA Soedan het 'n stormagtige jaar beleef, met uitsendings wat onderbreek is deur stamkonflik en uiterste weersomstandighede, maar die Here het ons personeel getrou bewaar. Bid dat Hy die fisiese, sielkundige en geestelike hulpbronne sal voorsien om die evangelie te verkondig en dat Hy mense se harte daarop sal voorberei.

Vrydag 13 November: Malawi en Mosambiek het vroeër vanjaar verskriklike vloedskade gely, met sommige omroepers en luisteraars wat hul huise verloor het. Bid asseblief vir God se beskerming oor FEBA se personeel, luisteraars en radiostasies gedurende die komende reënseisoen. Bid dat Sy naam verheerlik sal word deur FEBA se werk in hierdie lande.

Saterdag & Sondag 14-15 November: FEBC is besig om een van sy radiostasies in wes-Oekraïne op te gradeer, waar personeel veiliger sal wees as in Kijif. Aanvalle op die hoofstad neem toe en raak dodeliker. Met die winter wat voorlê, raak die energietoevoer nou 'n belangrike teiken, watmense sonder krag vir verhitting laat. Die FEBC-span in Oekraïne het dringende gebed nodig. Bid asseblief dat die Here hulle en hul luisteraars genadig sal wees, dat FEBC se programme troos sal bring, en dat gelowiges soos lig in die duisternis sal skyn.

Maandag 16 November: Bid vir FEBC Oekraïne se direkteur, Eduard, en sy span waar hulle volhou om die vreugde en vrede van Christus te deel. Hulle word steeds in hul persoonlike lewens met hartseer en vrees gekonfronteer. Sommige personeellede het familie in Russiese aanhouding. Bid dat hul geloof en krag elke dag vernuwe sal word.

Dinsdag 17 November: Svitlana, 'n luisteraar in Oekraïne, deel: **"My man is opgeroep en ons het kontak verloor. My lewe het in 'n nagmerrie ontaard van wag, dink, bekommer, en die ergste verwag. Julle programme het my by 'n kerk uitgebring. Daar het ek Christus gevind en dis waarom ek vandag nog staande bly."** Bid dat sy en haar man herenig sal word en dat ander in haar posisie, dieselfde krag in Christus sal vind.

Woensdag 18 November: *"Here, maak u paaie aan my bekend; leer my u weë. Lei my deur u waarheid en leer my, want U is die God wat my red; op U wag ek die hele dag"* (Psalm 25:4-5 Afr20). Bid dat FEBC Oekraïne sal volhard in die wete dat Hy wat beloof het, getrou is.

Donderdag 19 November: Die oorlog in Oekraïne het duisternis meegebring wat slegs deur die evangelie verdryf kan word. Mense verloor geliefdes, hulle moet hul huise agterlaat en leef daagliks in vrees vir aanvalle. Bid dat hulle FEBC Oekraïne se boodskap sal hoor en na die Here sal draai. Bid ook dat die evangelie op die lug sal bly totdat almal gehoor het.

Vrydag 20 November: Oekraïne se jongmense het normale kindwees opgeoffer weens die oorlog. FEBC Oekraïne vervaardig programme en hou byeenkomste om hulle te vertel van 'n hemelse Vader wat hulle liefhet. Bid dat die Here deur FEBC se programme op 'n spesiale wyse met Oekraïne se jeug sal wandel.

Saterdag & Sondag 21-22 November: Suid-Korea beleef 'n ernstige krisis wat geestesgesondheid betref en het een van die hoogste selfdoodsyfers ter wêreld. Stygende lewenskoste en die voortslepende spanning met Noord-Korea dra by tot die las. FEBC Korea saai uit op 13 radiostasies en 14 herhalerstasies, en hou luisteraars geselskap met bemoediging wat in die evangelie gewortel is. Die programme lei nie-gelowiges na Christus en spoor ook louwarm Christene aan om ernstig te raak oor hul geloof. Bid dat FEBC Korea se evangeliese uitsendings die Lig na donker gedagtes sal bring en verlore skape na hul Herder sal lei.

Maandag 23 November: FEBC Korea se gebedsprogramme ontvang gereeld terugvoer van luisteraars wie se gebede beantwoord is. In 'n land waar eensaamheid hoogty vier, vind mense troos en krag in die wete dat iemand vir hulle bid. Bid dat FEBC Korea se programme ook vir nie-gelowiges bekend sal stel aan die God wat gebede hoor en beantwoord.

Dinsdag 24 November: "Ek was benoud oor [my operasie], maar dit het gevoel asof God, wat my omstandighede ken, my vertroos en vrede gee deur FEBC Korea se gebede. Nou kry ek dit reg om die hele proses aan God toe te vertrou en met 'n dankbare hart op die operasie te wag." Prys die God van alle bemoediging!

Woensdag 25 November: *"Ek weet, HERE, dat 'n mens nie oor sy lewenspad beskik nie, dat iemand nie, terwyl hy loop, sy eie voetstappe bepaal nie"* (Jeremia 10:23 Afr20). Terwyl die wêreld mense aanmoedig om krag binne hulself te vind, wys FEBA hulle na die ware Bron toe. Bid dat luisteraars wat God se stem hoor nie hul harte sal verhard nie.

Donderdag 26 November: Noord-Korea word algemeen beskou as die gevaarlikste plek om 'n Christen te wees. Die staat ag Christenskap as verraad. FEBC Korea se evangelie-uitsendings na Noord-Korea, wat deur Noord-Koreaanse oorlopers vervaardig en aangebied word, is vir 18 uur per dag op die lug en dek die hele land. Bid dat elke uitsending geloof in luisteraars sal aanwakker en versterk.

Vrydag 27 November: Bid vir FEBC Korea se direkteur, Daniel, en sy span waar hulle vir die Kersgety voorberei. Hoewel Kersfees in Suid-Korea gevier word, assosieer die meeste mense dit nie met Christus nie. Bid dat FEBC Korea se Kersprogramme en -vieringe luisteraars bekend sal stel aan die ware rede vir Kersfees en die vreugde wat slegs in Hom gevind kan word.

Saterdag & Sondag 28-29 November: Sedert 2021 reël FEBC Thailand die "Give with Love" Kersveldtog, en dit groei elke jaar. FEBC werk saam met kerke en vrywilligers in alle provinsies om byeenkomste te hou waar minderbevoorregte kinders geskenke ontvang en saam met hul ouers van die ware Geskenk leer. In 2025 het die veldtog meer as 18 000 mense na Christus gelei! Bid vir die organiseerders en vra dat die Here FEBC Thailand se "Give with Love" veldtog vanjaar met nog meer oorvloedige vrug sal seën.

Maandag 30 November: FEBA Radio SA dien as 'n ondersteuningskantoor vir 12 radiostasies in Mosambiek, Malawi, Tsjad, Niger, Mali en Soedan. Die span het vanjaar verskeie uitdagings deurgemaak, maar die Here het ook ons werk geseën. Bid asseblief vir die FEBA Radio SA-span se gesondheid en vir onvermoeide energie waar ons die jaar se einde nader.



+27 12 335 5708
info@febaradio.co.za
www.febaradio.co.za
+27 81 265 4801
FEBARadioSA
feba_radio_sa